

## **Sing vooraf staande: Psalm 84:6 (p. 425)**

- 6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,  
want Hy word nooit sy woord ontroou nie: / Hy sal aan almal wat opreg  
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.  
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 103:11 (p. 506)**

- 11 Verhef die HEER, o al sy leërmagte, / sy dienaars wat Hom dien as troue wagte!  
Laat hemel, aarde en see en berg en dal, / waar ook sy septer swaai – laat alle dinge  
sy lof verhef in altyd wyer kringe! / En jy, my siel, loof jy Hom bowenal.

## **Geloofsbelydenis: Nicea**

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 119:63 (p. 599).*

**Wet**

## **Psalm 119:63 (p. 599)**

- 63 HEER, ek is 'n skaap verlore, /in die wildernis verdwaal.  
U, my HEER en Herder, bid ek / dat U my tog wil kom haal  
Soek my, bring my weer, u dienaar / wat in al sy harteleed,  
en in al sy teënhede, / u gebooi nie vergeet.

**Gebed**

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

**Vergifnis:**

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## **Psalm 116:9 (p. 570)**

- 9 Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg, / seun van u diensmaagd, in u diens gebore:  
my bande is los; vir hoër diens verkore, / bring ek die offers, aan U toegeseg.

**Skriflesing: Markus 10**

**Teks: Markus 10:21**

**En Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: Een ding kom jy kort—gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, neem die kruis op en volg My. (Markus 10:21 AFR1953)**

**. . . kom dan hier, neem die kruis op en volg My.**

Dit gaan oor roeping. Die jongman word geroep om sy lewe voluit aan die Here te gee.

Ons word geroep om die Here voluit te dien in alle fasette van ons lewens:

- Ons moet die aanbidding teenoor God voluit beoefen.
- Daarby moet ons die liefdesband met ons naaste onderhou soos wat die Here dit verwag.
- Verder moet ons die koninkryk van God in stand hou – onder andere in ons gemeentes – deur die eredienste en sakramente te onderhou.
- Daarby moet ons ook met materiële middele die kerk van die Here in stand hou.

Die meeste van die tyd weet ons wat van ons verwag word, maar omdat ons dit soms moeilik uitvoer, ontstaan daar twyfel by ons.

- Is ons nog op die regte pad?
- Doen ons die regte dinge?
- Wat moet ons doen om die ewige lewe te beërwe?

Die jongman wat die dag na die Here toe gekom het, is dus heeltemal 'n styltipe van ons.

- Hy het status, want hy is ryk – die basiese dinge wat ons nastreef, het hy dus alles.
- Maar hy beleef tog twyfel oor die verbintenis tussen sy aardse koninkryk en die koninkryk van die Here.
- Hy voel self aan dat daar iets is wat hy nie gedoen het nie.

Tog is die man baie ernstig oor die saak.

- Hy is nie besig met 'n vertoon om aandag te trek nie, daarom val hy voor die Here op sy knieë neer.
- Hy vra: Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe ?

Die aanspreekvorm “goeie Meester” is 'n baie seldsame aanspreekvorm.

- Dis 'n aanspreekvorm wat slegs by die hoogste uitsondering, en dan ook as 'n onderskeiding, vir 'n rabbi gebruik is.

Die belangrike ding is egter dat die uiting van die vraag die man se geloofsbelewenis openbaar.

- Uiterlik is sy godsdienst heeltemal op standaard.
- Tog het hy dit belewe dat hy nie die sekerheid van die ewige lewe in wetsonderhouding gevind het nie.

Baie prakties gestel: Met sy eie krag het hy baie dinge gedoen om sy geloof te vertoon en om daarmee die ewige lewe te verwerf.

- Maar hy beleef dit dat daar iets kortkom.
- Daar sit iets leegs en onbereikbaars in om self jou saligheid te verwerf.

Die Here se antwoord is baie belangrik, want hy noem vir die jongman 'n klomp gebooië op wat almal negatief is, behalwe die vyfde gebod, maar almal het 'n verbintenis met die geestelike wêreld:

- Jy mag nie egbreek nie.
- Jy mag nie doodslaan nie.
- Jy mag nie valse getuienis gee nie.
- Jy mag niemand tekort doen nie.
- Eer jou vader en jou moeder.

Die man was baie tevrede met die Here se antwoord, want uiterlik het hy al hierdie dinge van kleintyd af gedoen.

- Na buitekant toe het dinge reg gelyk.
- Dit is in elk geval baie moeilik toetsbaar om van buite af te bepaal of iemand wel hierdie gebooie oortree of nie.

Maar wat hy misgekyk het, was dat hy in die nakoming van hierdie gebooie niks opgeoffer het nie.

- Dit gaan in bekering en geloofslewe nie net oor dit wat jy nie doen nie,
- maar ook dit wat jy wel doen.

Daarom stel die Here die saak in perspektief.

- Roeping kan ook 'n fisiese dimensie hê, wat beteken dat mens moet opoffer.

Daarom sê die Here vir hom:

**Een ding kom jy kort—gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê;**

In die Lukas-evangelie staan dit so geskryf:

**. . . verkoop alles wat jy het . . . kom dan hier, volg My.**

Meteens het 'n opregte geloofslewe 'n dimensie gekry waarvan hierdie jong Fariseër niks gehou het nie.

- Die man het meteens besef dat daar tog gebiede is waarop jou geloof en diens aan God getoets kan word, want die armes is in daardie tyd baie swak versorg.
- Hy kon toe nie anders nie as om bewys te lewer dat hy die Here nie werklik dien nie.
- Hy het nie kans gesien om God te dien sonder sy rykdom nie, en ook nie daarmee nie.

Jesus sê vir die man dat hy mos die wet ken.

- Dis asof daar iets van 'n verwyf in sit dat hy mos vertrou behoort te wees met die inhoud van die hele Bybel.
- Hy moet dus mos weet wat byvoorbeeld in Miga 6:8 staan, naamlik dat die Here aan ons bekend gemaak het wat goed is, en wat vra die Here van ons anders as om reg te doen, en ootmoedig te wandel met God.

*Wat die Here dus vir hom sê, kom daarop neer dat hy nooit in die hemel sal kom as hy nie sy roeping as gelowige kind van God op elke terrein wil nakom nie.*

In sy geval is daar vir hom gesê dat God se koninkryk ook 'n fisiese – 'n finansiële – aspek het.

**. . . een ding kom jy kort . . .**

Ons moet hierdie jongman dit egter toegee dat hy ernstig was in sy strewe om bekeerd te lewe.

- Daarom wys die Here Jesus vir hom dat die ware geloofslewe 'n lewe is waarin jy die lewe met jou naaste reghou,
- maar waarin jy terselfdertyd die hele koninkryk van God in die regte lig sien.

*Aanbidding kry hier die faset dat jy nie eers jou eie sake moet oorwaardeer en dan met die res jouself bereid verklaar om God te dien nie.*

Daarom word die eis aan die ryk jongman gestel dat hy alles moet gaan verkoop.

- Die toets is bloot om te kyk of sy geloof en sy godsdiensbeoefening opreg is.
- Die Here wil die besef by hom tuisbring dat hy nie moet dink dat mens met jou hoogmoed en verknogtheid aan geld voor God gaan wegkom en in die hemel sal ingaan nie.
- Positief gestel: gestroop van hoogmoed, en gestroop van 'n verkeerde manier van ryk wees kan ons 'n punt bereik waar ons waarlik kan glo, en 'n lewe van bekering kan lewe.

Die Here het vir die man gesê dat hy een ding kortkom.

- Die ding wat hy kortgekom het, was sy siening van aardse dinge wat in 'n ander perspektief moes kom.

Daar is nog 'n voorbeeld van hierdie soort van verkeerde waardering waarna ons 'n oomblik sal moet kyk om die saak in die regte lig te sien. Onthou u nog die geskiedenis van Marta en Maria?

- Marta het ook eenkeer by die Here kom kla dat Maria haar nie wil help om die mense te bedien nie, want sy sit net die hele tyd by Jesus se voete en luister na sy preke.
- Jesus het toe geantwoord dat daar een ding is wat nodig is, en dat Maria dit uitgekies het, en dat dit nie van haar weggeneem sal word nie.
- Toe het dit ook gegaan oor die verhouding tussen die geestelike en die materiële.

Dis ongetwyfeld 'n terrein waaraan baie van ons in ons tyd sal moet aandag gee.

- Soms plaas ons 'n te hoë premie op fisiese en materiële dinge soos status en geld.
- Dis dinge wat daar moet wees, maar dan op so 'n manier dat dit aangewend moet word tot diens aan God en sy koninkryk.

Is dit nie dalk van party van ons waar dat ons net soos hierdie outjie is wat baie gewillig is om te glo, totdat dit ons sak of ons besittings raak nie?

- Het u al gedink hoe skeef ons soms barmhartigheidsdiens toepas?
- Let net op na wat ons soms in die kollekesakkies gooi.
- Hoe kan u self met so min gehelp word?
- En tog kan ons vir onself baie meer as hierdie geringe bedraggie spandeer op rookgoed, lekkers, drank en allerlei ander alledaagshede.

Dit is verder ook so dat ons dikwels van mense af wegstroom bloot omdat hulle nie ons sosiale status beklee nie – terwyl daar geloofsgewys niks met hulle verkeerd is nie.

As mens so diep en ernstig na sulke dinge kyk, kom die vraag by mens op: Plaas ons beskouing en hantering van hierdie fisiese dinge ons nie dalk buite die koninkryk van God nie?

Miskien moet ons weer besin oor hoe ons hierdie dinge hanteer.

- Want dis mos die dinge waarvoor die Here met hierdie jongman gepraat het.
- Jy kom een ding kort – maar dit is 'n baie kardinale ding!

Pas maar gerus Jesus se verlossingswerk hierby. Kyk maar eers hoe lewe Hy.

- Hy betaal ook tempelbelasting
- en leer die gelowiges om aan die keiser te gee wat hom toekom
- en aan God wat Hom toekom.

Verder reik Hy verlossend uit na dié wat gebrek het:

- Lammes, siekes, blindes.
- Die wat statusloos is en wat bedel om te lewe.
- Hy gee aan hulle herstel.

Kyk ook maar na sy kruisdood.

- Hy sterf vir tasbare dinge en vir hopelose mense.
- Hy sterf sodat daar vir ons 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde kan kom.
  - 'n Nuwe aarde vir ons wat die ou aarde besmet en laat vervloek het.
  - En 'n nuwe hemel vir die engele wat nie gesondig het nie, want die duiwel en sy trawante het die ou hemel besoedel!
- Daar is vir ons selfs 'n stad – die nuwe Jerusalem – waar ons in die strate sal rondbeweeg.
- Die poorte van hierdie stad gaan van edelgesteentes gemaak wees.

Die Here Jesus sterf vir mense wat geen status het voor God nie.

- Mense wat in sonde ontvang en gebore word – totaal statusloos.
- Mense wat hulle hele lewe lank sonde doen en hulle smet voor God vergroot.

Hy gee sy lewe en sy liggaam, sodat God se toorn oor hulle sondes aan Hom gestraf kon word – met die gevolg dat hulle dan volkome met God versoen word.

- Liggaamlik sal hierdie mense in die hemel wees.
- Hulle sal daar wees as totaal herstelde mense – volmaak.

Daarom moet ons ook in die teken van hierdie dinge lewe.

- Die aarde en sy dinge moet nie so 'n houvas op ons kry dat dit ons geestelike lewe beheer en voorskryf nie.
- Ons daaglikse bekering moet ook besinning insluit oor die wyse waarop ons die materiële dinge wat God aan ons toevertrou het, aanwend tot sy eer; tot uitbouing van sy koninkryk; en tot nut van ons naaste.

Dink aan daardie dag toe die ryk jongman voor die Here weggedraai het.

- Hy het geroem in 'n bekeringslewe.
- Maar toe hy getoets word of sy verhouding met die materiële en fisiese dinge van so 'n aard is dat hy God en sy naaste daarmee kon dien, het hy die toets nie geslaag nie.

Dis duidelik uit die geskiedenis van die ryk jongman dat mens se besittings so kan werk met 'n onbekeerde, dat dit die verhouding tussen ons en God kan deursny.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 66:7 (p. 322)

- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!  
 Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.  
 Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;  
 en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr. M.J. du Plessis**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**Datum: 13 Junie 2010**